SA Wrestling Federation

AFRIGTERS RAAD

Mnr. N. Coetzee
Posbus 5221
Boksburg-Noord
1461
TEL: 011 917 7510
083 232 1120 (Sel)
FAKS: 011 917 3262
necchem@iafrica.com

Aan: **Alle Stoei Verenigings van Suid Afrika**

Aandag: **Die President en Sekretaris Generaal van Verenigings**

LANG TERMYN DEELNEMER ONTWIKKELING PROGRAM

Graag wil ek die volgende inligting rakende die LTDO program met u deel. Ek wil seker maak daar bestaan duidelikheid rondom die implementering van die LTDO program. Die implementering van die LTDO program geskied oor 'n tydperk van twee jaar en het reeds in 2012 begin en moet afgehandel wees teen 2013.

Alhoewel daar sekere aspekte en aanbevelings van die LTDO plan wat as eksperimenteel beskou word, is daar sekere minimum vereistes en voorwaardes waaraan ons as Federasie en al die geaffilieerde Verenigings en instansies behoort te voldoen soos ooreengekom met SASCOC deur die Suid Afrikaanse Stoei Federasie.

Lang Termyn Deelnemer Ontwikkeling het ten doel om deelnemers optimaal te ontwikkel, voor te berei vir kompetisie asook die proses van herstel en regenerasie, in verhouding met die belangrike groei en ontwikkelings jare van stoeiers. Die proses fokus op die atleet of stoeier terwyl die afrigter 'n sleutel rol speel met die ondersteuning van al die ander elemente in sport. LTDO is nie net nog 'n oefenprogram nie, maar 'n filosofie wat elke stadium van ontwikkeling identifiseer en na aanleiding hiervan die stoeier ontwikkel, voorberei en laat deelneem.

Die implementering van die LTDO program is nie net beperk tot die SASF nie, die eerste 14 sportkodes het reeds die proses afgehandel en die SASF is deel van die tweede groep van 17 sportkodes wat nou besig is met die proses en die implementering daarvan.

Die kompetisie struktuur soos vervat in die LTDO gids op bl.87 en 88 is die minimum wat ons kan implementeer om te voldoen aan die vereistes en beginsels van Lang Termyn Deelnemer Ontwikkeling.

Voorlopige reëls vir die onderskeie ouderdoms kategorieë is saamgestel deur ’n komitee bestaande uit lede van onderskeidelik die afrigters en beampteraad. Die reëls dien as ’n vertrek punt en sal met behulp van u insette hersien en indien nodig aangepas word later in die jaar.

VOORLOPIGE REELS VIR 2012 VIR JEUG STOEIERS O/07 – O/11 JAAR:

Ouderdom O/07 en O/08 jaar:

Tydsduur: 3 rondtes van 1 minuut elk met ’n **rustyd** van 30 sekondes.

- Stoei sal voortduur vir die volle een minuut in elke rondte ongeag die telling.

Toekenning van punte:

- **1 Punt aksie**
  Bly soos dit tans is.
- **2 Punt aksie**
  Bly soos dit tans is.
- **3 Punt aksie**
  Geen gooi aksies sal in die ouderdomsgroep toegelaat word nie. Indien die stoeier ’n gooi greep (3 punt aksie) uitvoer sal die skeidsregter die fluitjie blaas en die stoeier aanspreek. Stoei sal voortgaan in staan posisie.
- **5 Punt aksie**
  Geen 5 punt aksies sal toegelaat word nie.
- **Val**
  Wanneer ’n val plaasvind word daar 3 punte toegeken sonder dat die wedstryd beëindig word, en stoei sal weer hervat word in die middel van die mat.
  Indien daar 3 valle deur dieselfde stoeier in die eerste rondte aangeteken word, eindig die wedstryd.
- **Uittrap**
  Daar sal geen punte toegestaan word wanneer ’n stoeier uittrap nie.
  Die skeidsregter sal die fluitjie blaas wanneer die stoeiers uittrap en stoei sal weer in die middel van die mat hervat word.
- **“Clinch”**
  Geen “clinch” sal toegepas word nie. Wanneer die telling 0-0 is aan die einde van ’n rondte sal stoei normaal hervat word na rustyd. Indien daar geen punte in enige van die rondtes aangeteken word nie, sal dit die einde van die wedstryd wees.
- **Vermanings/Brutaliteit**
  Wanneer ’n stoeier ’n ontoelaatbare greep of aksie uitvoer sal die skeidsregter die dadelik die fluitjie blaas en die stoei stop. Die skuldige stoeier sal gewaarsku word en die stoei sal voort gaan. Indien daar brutaliteit plaasvind sal die wedstryd dadelik gestop word en is dit die einde van die wedstryd.
- **Beserings tyd**
  Indien daar ’n besering is, sal die afrigter in oorleg met die mediese beampte besluit of die stoeiers wel verder kan deelneem.
- **Kleredrag**
  Daar word voorgestel dat stoeiers in die normale stoei drag deelneem. Indien ’n stoeiers nie in besit is van die nodige stoeidrag nie, kan hulle wel in die volgende kleredrag deelneem:
  Kort Broekie “shorts” met geen vasmaak middels soos knope of gespes
  T-hemp
  Tekkies – sagte sool geen harde voorwerp wat bo die oppervlak van die skoen uitsteek nie.
  Die beamptes sal ’n rooi bandjie vir die een stoeier aansit om sy enkel of arm en ’n blou bandjie aan die ander stoeier.

- **Inweeg**
  Stoeiers in die ouderdomsgroep mag nie inweeg nie. Die afrigters en administratiewe beamptes teenwoordig sal die stoeiers per ouderdomsgroep indeel. Stoeiers word dan opgedeel deur hulle van klein na groot te rangskik en in kleiner stoeigroepe te verdeel. Indien daar enigsins twyfel bestaan oor die massa verskil tussen stoeiers, kan die afrigters en administratiewe beamptes die massas van die onderskeie groepie verifieer deur hulle te laat weeg. Dit word beskou as massa kontrole en nie inweeg nie.
- **Ondervinding en vaardigheidsvlakke van stoeiers**
  Die beampte in beheer van die mat, skeidsregter en afrigter moet saam toesig hou en besluit indien daar enige risiko bestaan vir beserings of te groot verskil in die vaardigheidsvlakke van twee stoeiers. Indien wel word die wedstryd dadelik gestop.

Ouderdom O/09, O/10 en O/11 jaar:

Tydsduur: 3 rondtes van 1 en half minuut elk met ’n **rustyd** van 30 sekondes.

- Stoei sal voortduur vir die volle een minuut in elke rondte ongeag die telling.

Toekenning van punte:

- **1 Punt aksie**
  Bly soos dit tans is.
- **2 Punt aksie**
  Bly soos dit tans is.
- **3 Punt aksie**
  Bly soos dit tans is.
- **5 Punt aksie**
  Geen 5 punt aksies sal toegelaat word nie.
- **Val**
  Wanneer ’n val plaasvind word daar 3 punte toegeken sonder dat die wedstryd beëindig word, en stoei sal weer hervat word in die middel van die mat.
  Indien daar 3 valle deur dieselfde stoeier in die eerste rondte aangeteken word, eindig die wedstryd.
- **Uittrap**
  Daar sal geen punte toegestaan word wanneer ’n stoeier uittrap nie.
  Die skeidsregter sal die fluitjie blaas wanneer die stoeiers uittrap en stoei sal weer in die middel van die mat hervat word.
- **“Clinch”**
  Geen “clinch” sal toegepas word nie. Wanneer die telling 0-0 is aan die einde van ’n rondte sal stoei normaal hervat word na rustyd. Indien daar geen punte in enige van die rondtes aangeteken word nie, sal dit die einde van die wedstryd wees.

- **Vermanings/Brutaliteit**
  Wanneer ’n stoeier ’n ontoelaatbare greep of aksie uitvoer sal die skeidsregter die dadelik die fluitjie blaas en die stoei stop. Die skuldige stoeier sal gewaarsku word en die stoei sal voort gaan.
  Indien daar brutaliteit plaasvind sal die wedstryd dadelik gestop word en is dit die einde van die wedstryd.
- **Beserings tyd**
  Indien daar ’n besering is, sal die afrigter die in oorleg met die mediese beampte besluit of die stoeier wel verder kan deelneem.

- **Kleredrag**
  Daar word voorgestel dat stoeiers in die normale stoei drag deelneem. Indien ’n stoeiers nie in besit is van die nodige stoeidrag nie, kan hulle wel in die volgende kleredrag deelneem:
  Kort Broekie “shorts” met geen vasmaak middels soos knope of gespes
  T-hemp
  Tekkies – sagte sool geen harde voorwerp wat bo die oppervlak van die skoen uitsteek nie.
  Die beamptes sal ’n rooi bandjie vir die een stoeier aansit om sy enkel of arm en ’n blou bandjie aan die ander stoeier.
- **Inweeg**
  Stoeiers in die ouderdomsgroep mag nie inweeg nie. Die afrigters en administratiewe beamptes teenwoordig sal die stoeiers per ouderdomsgroep indeel. Stoeiers word dan opgedeel deur hulle van klein na groot te rangskik en in kleiner stoeigroepe te verdeel. Indien daar enigsins twyfel bestaan oor die massa verskil tussen stoeiers, kan die afrigters en administratiewe beamptes die massas van die onderskeie groepie verifieer deur hulle te laat weeg. Dit word beskou as massa kontrole en nie inweeg nie.
- **Ondervinding en vaardigheidsvlakke van stoeiers**
  Die beampte in beheer van die mat, skeidsregter en afrigter moet saam toesig hou en besluit indien daar enige risiko bestaan vir beserings of te groot verskil in die vaardigheidsvlakke van twee stoeiers. Indien wel word die wedstryd dadelik gestop.

ALGEMEEN

- **Die Mat**
  Daar kan van een tot vier kleiner sirkels van 4 meter op een mat aangebring word. Stoei vind plaas binne die 4 meter sirkel. Indien daar net een wedstryd per mat plaasvind moet ’n kleiner sirkel van 4 meter aangebring word.

- **Beamptes**
  Daar kan tot en met vier wedstryde gelyk tydig op ’n mat plaasvind. Daar is een tyd houer en een toesighoudende beampte per mat. Daar is ’n skeidsregter en telkaart beampte vir elke wedstryd.

  Skeidsregters, tydhouers en telkaart beamptes kan reeds vanaf die ouderdom van 13 jaar optree. Die toesighoudende beampte moet aan die normale vereistes voldoen.

- Seuns en dogters mag teen mekaar stoei.

Vriendelike groete
Nico Coetzee: Voorsitter SASAR